**20 JANUARIE** **SKRIFGEDEELTE: GENESIS 8:1-9:18**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 8:20**

**Wanneer ek offer, doen ek dit omdat ek dankbaar is!**

Hoekom offer `n mens iets vir die Here? Hoekom was die heel eerste ding wat Noag gedoen het om vir die Here `n altaar te bou? Omdat Hy dankbaar was. Noag se offer was ‘n dankbaarheidsoffer aan God omdat God hulle gespaar het. Wanneer is `n mens dankbaar? Wanneer jy God se grootheid in jou lewe belewe. Noag het God se grootheid belewe deurdat God hom en sy gesin gespaar het, maar ook veilig uit die ark laat gaan het. Noag het besef watter groot wonder gebeur het. Dit het hom gedryf om heel eerste `n altaar te bou en aan God te offer. Noag bring ‘n offer uit dankbaarheid vir God se redding.

Is jou lewe `n dankbaarheidslewe? Ons het rede om elke dag vir die Here `n altaar te bou, want ons het ‘n nog groter redding as Noag belewe – die redding van die ewige dood. Ja, God het ons gered deur sy Seun vir ons te laat sterwe. Is ons so dankbaar vir die verlossing dat ons uit dankbaarheid ons hele lewe aan God wil offer? God se verlossing moet so `n indruk op ons lewens maak dat ons nie anders kan as om `n dankbaarheidslewe te lewe nie. Bou `n altaar deur elke dag dankbaar te lewe! Dit kan ons alleen doen as ons elke dag aan God se genade dink.

*Sing: Psalm 116:5, 7, 10* *Ds Albert Berg (Vaalwater)*